Woensdag **4 Desember**

**Skrifgedeelte: Psalm 121 (AFR2020)**

**Fokusgedeelte: Psalm 121:7, 8**

**Die HERE beskerm gelowiges!**

Waar kom jou hulp vir jou lewensreis vandaan? Vertrou jy op jouself? Dit is tog wat die wêreld vir ons vertel: “Vertrou op jouself” en: “Jý kan bereik wat jý wil, solank jy net daarvoor werk en positief dink.” Tog ken ons onsself baie goed. Ons weet dat ons hulp van buite nodig het. Gaan soek jy dan daardie hulp in ander mense of in ander dinge? Vertrou jy op meer geld, meer gesondheid of meer kennis?

In Psalm 121 hoor ons dat die HERE vir ons hierdie hulp moet wees. Hy sal gelowiges op hulle lewensreis beskerm. Hy stuur nie net beskerming nie, Hy is aktief betrokke om ons veilig te hou. Hy slaap nie en sluimer nie in nie. Hy is altyd en oral aan ons sy soos ’n mens se skaduwee. Tog belowe die HERE nie dat daar nooit gevare op ons pad sal kom nie. Nee, Hy waarsku ons dat die pad gevaarlik is, maar dat Hy ons deur hierdie gevare sal lei.

Die Israeliete het die pelgrimsliedere gesing op hulle reis na Jerusalem toe. Hulle was biddend afhanklik daarvan dat die HERE hulle sal beskerm teen aanvallers en teen die hitte van die son. Maar hierdie beskerming is ook geestelik. Gelowiges is op pad na die ewige Jerusalem, en daarom is die pelgrimstog na Jerusalem ook ’n beeld van ons lewenspad. Op hierdie lewenspad beskerm en bewaar die HERE ons.

Wanneer jy God se Woord lees, kry jy nuwe insig in die lewe. Jy leer dat die mens sondig is en dat sy lewenspad sal uitloop op die ewige dood as hy nie hulp kry nie. Jy leer ook dat daar hulp is in Jesus Christus. Hy red ons van die dood en lei ons op ’n nuwe pad na die ewige lewe.

Vertrou op die HERE. Hy stap die lewenspad saam met jou. Hy roep jou om sy hand vas te hou en sy beskerming te ervaar.

*Sing: Psalm 121-1:1, 2, 4*

*Dr. HM (Heinrich) Zwemstra (Walvisbaai/Swakopmund)*